

Laerskool Mooirivier



Sportbeleid

Inhoudsopgawe

1. Inleiding.....	3
2. Doelwitte.....	3
3. Die belangrikheid van sport.....	3
4. Struktuur.....	4
5. Spesifieke beleidstandpunte.....	5
6. Aanbieding van sport.....	7
7. Kommunikasie.....	8
8. Logistiek.....	9
9. Gedragskode.....	10
10. Algemene reëls en etiket.....	11
11. Kleredrag.....	12
12. Finansies.....	12
13. Sportakademies.....	12
14. Sporttoere beleid.....	13
15. Erkenning.....	14

1. Inleiding

Die doel van hierdie dokument is om die doelwitte, basiese beginsels, algemene reëls en riglyne, gedragskodes, prosedure en struktuur van sportdeelname by Laerskool Mooirivier te dokumenteer.

Die einddoel is om te verseker dat geen onduidelikhede in verband met sport sal ontstaan nie.

2. Doelwitte

- 2.1 Om sport in **Laerskool Mooirivier** aan te bied en te bevorder in ooreenstemming met die grondwet van die skool, en in besonder wat die volgende aspekte daarvan betref :
- * om aan elke leerder die geleentheid te bied om betrokke te raak by die aktiwiteite van die skool
 - * om 'n gesonde balans te handhaaf tussen die akademiese en die buitemuurse bedrywighede van die skool
 - * om die Potchefstroom kultuur te aanvaar, eerbiedig te bevorder en 'n gesonde leefstyl te ontwikkel en bevorder
 - * om 'n diens aan die gemeenskap te lewer
 - * om leerlingeiers te identifiseer en te ontwikkel
- 2.2 Om sport in **Laerskool Mooirivier** so te beoefen dat dit die missie van die skool sal ondersteun, veral wat betref die ontwikkeling van die potensiaal van leerders, die motivering van die leerders en die handhawing van puik standaarde.
- 2.3 Om sport 'n belangrike en integrale deel van die kurrikulum van **Laerskool Mooirivier** te maak, sodat dit sal help bydra tot die geheelontwikkeling van leerders.

3. Die belangrikheid van sport

- 3.1 Die belangrikheid van liggaamlike opvoeding, en sport as deel daarvan, is alreeds oor en oor bewys.
Net enkele aanhalings :
- * "Sport education and sport are important aspects of Physical Education. An appropriate learning environment for junior sport is one that reduces the emphasis on winning and losing and focuses on maximum participation for all children in a variety of sports that are suited to the individual's social, personal and skill development, provides enjoyment and a measure of success for all, allow skill acquisition and improvement, and developes good sporting behaviour including self-control, discipline, co-operation, tolerance and respect for others. Schools provide the optimum setting for junior sport." (*Australian Council for Health, Physical Education and Recreation*)
 - * "Physical education and sport contribute to the development of the whole person. It developes knowledge and skills related to physical activity and promotes creativity, as well as social, emotional and physical growth." (*Aussie Sport in Primary Education*)


- * “Every human being has a fundamental right of access to physical education and sport, which are essential for the full development of the personality. The freedom to develop physical, intellectual and moral powers through physical education and sport, must be guaranteed both within the education system and in other aspects of social life.” (*UNESCO International Charter of Physical Education and Sport, Art. 1.1*)

Leeders baat onder andere as volg deur aan sport deel te neem :

- * Verhoogde fiksheidsvlakke en spier-uthouvermoë.
 - * Die grondslag word gelê wat latere siektes soos bloeddrukprobleme, hartprobleme en oorgewigsprobleme voorkom.
 - * Die ontwikkeling van die waarnemingsvermoë deur die geleentede wat geskep word vir strategie ontwikkeling, situasie interpretasies en probleemoplossing op die sportveld.
 - * Dit lei tot die beoefening van ‘n meer gesonde lewenstyl in latere jare.
 - * Dit lei tot meer selfvertroue, ‘n beter selfbeeld, onafhanklikheid en deursettingsvermoë.
 - * Leeders geniet dit.
 - * Spangees word aangemoedig.
 - * Dit bevorder die proses van sosialisering.
 - * Dit verryk en verhoog emosionele en intellektuele groei.

4. Struktuur

Skoolstruktuur



5. Spesifieke beleidstandpunte

5.1.1 Deelname

- * Massadeelname aan sport sal as top prioriteit aangemoedig en bevorder word. Massa byeenkomste wat alle leerdere betrek sal jaarliks in al daardie sporte waar dit prakties uitvoerbaar is gereël word. Dit sal terselfdertyd die doel dien om verborge talente te ontdek.
- * Daar sal op sportsoorte gekonsentreer word wat :
 - # tradisioneel binne die Potchefstroom kultuur beoefen word
 - # binne ons skoolwyke / provinsiale gebied kompetierend beoefen word. Sporte wat die grootste getalle deelnemers betrek sal voorkeur geniet.
 - # Prestasie sal ook aangemoedig word : daardie leerdere wat die skool verteenwoordig sal sover moontlik instaat gestel word om optimaal te kan presteer.
 - # Prestasie sal egter nooit ten koste van sportmangees aangemoedig word nie : **Laerskool Mooirivier** sal te alle tye deelneem binne die reëls en etiese kodes en norme van elke sport.
 - # Daar sal sover as moontlik ondersteuning gegee word aan leerdere wat gekies word om Distrik- en Provinsiale spanne te verteenwoordig.

5.1.2 Fasiliteite

- * Die verskillende sporte kan slegs beoefen word as die nodige fasiliteite daarvoor bestaan. In samewerking met die terrein-, sport- en finansiële komitees sal fasiliteite waar nodig mettertyd uitgebrei en opgeknip word.
- * Instandhouding van bestaande fasiliteite is noodsaaklik en sal jaarliks in die begroting voorsien word.
- * Waar eie fasiliteite nie beskikbaar is nie (bv. swem) sal die sportkomitee met die ander instansies onderhandel oor die gebruik van hulle fasiliteite.

5.1.3 Toerusting

- * Sonder die nodige toerusting kan sport nie beoefen word nie. Daar sal elke jaar 'n begroting saamgestel word van die noodsaaklike toerusting wat aangekoop en / of opgeknip moet word om te voorsien in die jaar se sportbedrywighede. Elke sportsoort sal sy eie behoeftes motiveer.
- * Die sportorganiseerder sal verantwoordelikheid aanvaar vir alle toerusting, en besluit oor hoe en waar dit veilig en in goeie toestand gestoor kan word.

- * By die voorsiening van fasiliteite, en die verkryging van toerusting sal deurentyd in gedagte gehou word dat **Laerskool Mooirivier** massadeelname aan sport wil aanmoedig.
- * Laerskool Mooirivier sal 'n sporttoerusting stoor onderhou waar ouers teen billike pryse tweedehandse toerusting kan bekom.

5.1.4 Afrigting

- * Opvoeders sal primêr verantwoordelik wees vir die afrigting van sport in **Laerskool Mooirivier**.
 - * Alhoewel van primêre belang dat opvoeders aangestel word vir hulle akademiese en onderrigvermoëns, sal die vermoë om sport af te rig ook van belang wees en inaggeneem word tydens onderhoude vir nuwe aanstellings.
 - * Dit is veral ook belangrik dat ten minste die voorgeskrewe mans / dames verhouding ten opsigte van opvoeders gehandhaaf sal word.
 - * Een opvoeder sal aan die hoof van elke sport staan en onder andere verantwoordelik wees om die afrigting te koördineer. Hy / sy sal nie net sy eie span afrig nie, maar ook toesien dat die ander spanne optimaal afgerig word. Elke organiseerder sal 'n hulporganiseerder hê wat indiensopleiding ontvang.
 - * Opvoeders sal waar nodig afrigtingskursusse bywoon om hulle beter te bekwaam vir hierdie taak.
 - * Daar sal ook by tye bekende persoonlikhede genooi word om te kom help met die afrigting van die kinders.
- Opvoeders sal geplaas word by spanne na aanleiding van die behoefte van die betrokke sportsoort. Daar sal gepoog word dat opvoeders nie hulle eie kinders afrig nie.
- * Sover as prakties moontlik, sal daardie opvoeders met die beste kwalifikasies of ondervinding om 'n spesifieke sport of item af te rig, vir daardie sport / item aangewend word.
 - * Ouers/ studente kan gebruik word as hulpafrigters, maar dit mag onder geen omstandighede inmeng met die keuses van spanne nie. Laasgenoemde bly die verantwoordelikheid van die betrokke opvoeder. Verkieslik moet ouers wat met afrigting behulpsaam is, gebruik word by spanne waar hulle eie kinders nie deelneem nie.

5.1.5 Motivering

- * Leerders moet gemotiveer word om aan sport deel te neem en dit ten volle te

geniet. Selfs die nie-deelnemers moet gemotiveer word om ook betrokke te raak as ondersteuners.

- * Goeie fasiliteite, toerusting en afrigting sal reeds baie doen om leerders te motiveer.
- * Opvoeders moet soveel as moontlik sportbyeenkomste bywoon en ondersteun. Kinders presteer graag as hulle opvoeders daar is om hulle te sien.
- * Dieselfde geld vir die ouers : hulle moet aangemoedig word om byeenkomste by te woon, veral deur hulle gereeld en betyds in te lig oor waar en wanneer sportbyeenkomste plaasvind. Wat weg byeenkomste aanbetref moet pdaanwysings ook gegee word. Dit sal die verantwoordelikheid van elke sport se organiseerder wees om dit te doen.
- * Spangees en die opbou daarvan sal te alle tye aangemoedig word.
- * Sportprestasies sal erkenning geniet tydens die jaarlikse prysuitdeling van die skool. Die vlak van prestasie asook die belangrikheid van die sport waarin dit behaal is sal inaggeneem word.

5.1.6 Fondse

- * Sportdeelname is nie goedkoop nie. Boonop kan sport nie as die top prioriteit in die skool beskou word nie, en sal die beskikbaarheid van fondse beperk word deur die behoeftes wat ook op ander gebiede bestaan. Hoofde van elke sportsoort sal jaarliks 'n begroting indien wat sal deel uitmaak van die totale sportbegroting. Borge sal verkry word wat deel sal uitmaak van doelgerigte fondse wat aangewend kan word vir enige ekstra uitgawes soos die behoefte hom voordoen.

6. Aanbieding van Sport

Sportsoorte

Die volgende sportsoorte word by **Laerskool Mooirivier** aangebied:

1. Atletiek
2. Rugby en Welpierugby
3. Netbal en mini-netbal
4. Krieket en mini-krieket
5. Hokkie en mini-hokkie
6. Landloop
7. Swem
8. Tennis
9. Gholf
10. Skaak
11. Tweekamp

Sportindeling

Die sportindeling per kwartaal lyk as volg:

Kwartaal 1			Kwartaal 2			Kwartaal 3			Kwartaal 4		
Jan	Feb	Mrt	Apr	Mei	Jun	Jul	Aug	Sep	Okt	Nov	Des
Atletiek		Netbal				Krieket			Atletiek		
		Rugby							Ghof		
Swem		Hokkie							Swem		
			Tennis			Tennis					
		Landloop									
	Skaak										
Tweekamp											

Oefentye

Oefendae en –tye sal aan die begin van die jaar aan ouers gekommunikeer word. Dit is belangrik dat ouers en leerders die oefendae en –tye sal respekteer en ander aktiwiteite op alternatiewe dae en tye reël.

7. Kommunikasie

Kommunikasie is die kern tot die sinvolle beoefening van sport by ons skool. Kommunikasie moet gereeld, betyds en volledig wees. Kommunikasie is die verantwoordelikheid van die sporthoof en die sportorganiseerder(s).

Ouers is verantwoordelik om alle vorms, skeurstrokies, ens.volledig te voltooi en betyds in te handig.

8. Logistiek

Logistieke beplanning

Logistieke beplanning is die verantwoordelikheid van die Sporthoof in samewerking met die Sportorganiseerder(s).

Fasiliteite

Die skool beskik oor uitstekende fasiliteite vir oefening en wedstryde vir die volgende sportsoorte:

1. Atletiek
2. Rugby en Welpierugby
3. Netbal en mini-netbal
4. Krieket
5. Hokkie en mini-hokkie
6. Landloop
7. Tennis
8. Swem word beoefen by verskeie swembaddens soos deur die skool bepaal.
9. Gholf word beoefen by verskeie bane soos deur die skool bepaal.
10. Skaak

Weersomstandighede

Die skoolhoof en sporthoof besluit of oefeninge/wedstryde afgestel moet word.

Leerders en ouers sal d.m.v elektroniese kommunikasie (Principal primary) in kennis gestel word.

Personeel in beheer sal toesien dat die weerligmeter beskikbaar is en gebruik word indien nodig.

Sportfoto's

Spanfoto's word jaarliks geneem op datums soos deur die skool bepaal. Spelers neem foto's in hul korrekte sportdrag.

Toere

Sporttoere vind jaarliks plaas vir sekere spanne. (Sien ook sporttoere beleid op bl.13)

Byeenkomste, ligawedstryde en toernooie

Raadpleeg asb. die kwartaalprogram vir datums, oefentye, ens.

9. Gedragskode

9.1 *Gedragskode vir afrigters*

- Onthou dat kinders respek vir hulle afrigters moet hê. Gee opregte aanmoediging wanneer die kind dit verdien en stel 'n goeie voorbeeld.
- Moenie op spelers skree of hulle raps tydens oefeninge of wedstryde nie.
- Wees redelik met die eise wat aan die kinders se tyd, energie en entoesiasme gestel word. Onthou dat daar ook ander eise aan hulle belangstelling en tyd gestel word.
- Leer jou spelers dat die reëls van die spel vir almal geld en nie ontduik of verbreek mag word nie.
- Onthou dat die spelers in hierdie stadium vir genot speel en dat "wen" slegs deel hiervan uitmaak. Moet nooit 'n kind verneder of op hom skel as hy foute begaan of as 'n wedstryd verloor is nie.
- Help jou span om respek te ontwikkel vir die kwaliteite van die opponente, die oordeel van die skeidsregters en vir die afrigters van die ander spanne.
- Volg die dokter of noodhulp se voorskrifte wanneer besluit word of 'n speler weer in staat is om te speel na 'n besering.
- Maak dit jou lewenstaak om op hoogte te bly van die basiese korrekte afrigtingbeginsels en –metodes, asook die grondbeginsels van groei en ontwikkeling van jou spelers.
- Moedig spelers aan om basiese vaardighede en sportmangees te ontwikkel. Vermoeg ook die oorspesialisering van bepaalde posisies, items of kodes gedurende die aanvangsjare van die spel.
- Moenie 'n skeidsregter se besluit op 'n onbeskotte manier bevraagteken nie.
- Vuil spel, gevegte en vuil taalgebruik mag nie geduld word nie. Moenie huiwer om 'n speler hieroor aan te spreek en toepaslike tugmaatreëls toe te pas nie.

9.2 *Gedragskode vir toeskouers*

- Onthou dat die spelers aan georganiseerde sport deelneem.
- Die spelers is nie professionele sportmanne en –vroue nie.
- Gedra jouself voorbeeldig en waardig.
- Moenie vuil taal gebruik en afrigters of skeidsregters beledig nie.
- Gee erkenning aan goeie spel, selfs vir teenstanders.
- Keur die gebruik van geweld te alle tye af.
- Laat die skeidsregter die wedstryd hanteer.
- Los die taktiek op die skouers van die afrigter.
- Moedig u kind aan en prys die span wanneer hul goed speel.
- Respekteer die algemene reëls soos afgekampte areas, ens.
- Leer u kind dat enige span belangriker as die individu is.

9.3 *Gedragskode vir ouers*

- Onthou dat u kind vir sy genot deelneem, nie vir die ouers se genot nie.
- Ondersteun u kind, woon wedstryde by, afgesien in watter span hy speel.
- Moedig jou kind aan om volgens die reëls van die spel te speel.
- Leer jou kind dat om jou beste te lewer, net so belangrik is as om te wen, sodat die uitslag van elke wedstryd sonder onnodige teleurstelling aanvaar kan word.
- Oormotivering om te wen sal lei tot 'n vrees om te verloor.

- Moet nooit jou kind verneder of op hom skree as hy 'n fout begaan of as 'n wedstryd verloor word nie.
- Aanvaar dat hy hom tot 'n span verbind – dit sluit alle oefeninge en wedstryde in.
- Onthou dat 'n kind die beste leer deur na voorbeelde te kyk.
- Moet nooit die afrigter, skeidsregter of skool kritiseer nie – dit bied net verskonings.
- Erken die waarde en belangrikheid van vrywillige afrigters en skeidsregters. Hulle gee hulle tyd en ervaring om die kinders af te rig en vir die toekoms te slyp.
- Respekteer die afrigter se besluite.

9.4 Gedragskode vir spelers

- Streef te alle tye na goeie sportmanskap.
- Spelers wat hul verbind tot 'n sport moet daarmee volhou tot die einde van die seisoen.
- Aanvaar en respekteer die gesag van jou afrigter by oefeninge sowel as wedstryde.
- Aanvaar skeidsregters se beslissings onvoorwaardelik en spreek geen kritiek teenoor enige wedstrydbeampte nie.
- Negatiewe optrede deur spelers sal gestraf word.
- Wees altyd betyds.
- Wees korrek geklee.
- Maak persoonlik en betyds verskoning by die afrigter indien jy nie 'n oefening kan bywoon nie.
- Afwesigheid sonder toestemming sal opgevolg en toepaslik gestraf word deur die afrigter.
- Vuil spel sal summier gestraf word deur die skool.
- Voltooi elke aktiwiteit waarin deelgeneem word. Die voltooiing van 'n aktiwiteit is net so belangrik soos 'n oorwinning.

Baie dankie dat alle Tokkies hulself verbind tot ons gedragskode om sodoende 'n goeie positiewe seisoen te kan waarborg.

10. Algemene reëls en etiket

10.1 Ouderdomsgroepe

Elke speler mag slegs in sy/haar ouderdomsgroep deelneem behalwe in ligas/toernooie waar daar nie voorsiening gemaak word vir jonger deelnemers nie.

10.2 Spankeuses

Alle spanne word suiwer op meriete gekies behalwe welpierugby, mini-krieket, mini-hokkie en mini-netbal waar geen fokus op prestasie geplaas word nie.

10.3 Welpierugby, mini-krieket, mini-netbal en mini-hokkie

Wedstryde vind slegs op 'n vriendskaplike basis plaas en ligawedstryde of ligaspanne is nie ter sprake nie. Die doel van sportdeelname op hierdie ouderdom is as volg:

- (i) genot van die spel
- (ii) aanleer van vaardighede
- (iii) bevordering van liefde vir die sport

10.4 Toerusting

Alle toerusting word met respek hanteer. Indien enige persoon hom/haarself sou skuldig maak aan vandalisme of nalatigheid t.o.v toerusting sal daardie persoon aanspreeklik gehou word.

10.5 Afwesigheid

Die volgende reëls geld met die afwesigheid van deelnemers:

- (i) 'n Speler moet vooraf 'n skriftelike verskoning inhandig by die afrigter/organiseerder, indien 'n oefening of wedstryd/byeenkoms gemis gaan word.
- (ii) Ouers moet die afrigter/organiseerder onmiddellik in kennis stel indien 'n speler a.g.v omstandighede buite sy/haar beheer nie 'n wedstryd of byeenkoms kan bywoon nie.
- (iii) Indien 'n speler 'n oefening mis sonder verskoning kan daardie speler uit die span gelaat word.
- (iv) Geen speler mag deelneem as hy/sy ongesteld is nie.

10.6 Vervoer

Die skool maak gebruik van sy eie busse en sal tydens sekere sportgeleenthede busse inhuur. Ouers moet die toestemmingsbrief voltooi voordat 'n leerder op die bus toegelaat sal word. Indien 'n leerder hom of haar skuldig maak aan wangedrag op die bus kan hy/sy in die toekoms busvervoer geweier word.

11. Kleredrag

Ons skool se voorgeskrewe kleredrag vir sportdeelname is as volg:

- Alle sportspanne speel in voorgeskrewe sportdrag, soos vir die spesifieke sportsoort bepaal.
- Eerstespanne neem deel in eerstespandrag soos deur die skool bepaal.
- Geen sportdrag word gemaak alvorens goedkeuring vanaf die klerekomitee verkry is nie.
- Die klerekomitee sluit die Hoof en sporthoof in.

12. Finansies

Die Beheerliggaam poog om in samewerking met die finansiële kantoor genoegsame fondse beskikbaar te stel vir die totale organisasie van sport. Daar sal egter van tyd tot tyd gebruik gemaak word van borge vir sekere items. Borge word in twee kategorieë ingedeel nl. primêre en sekondêre borge. Borge sal jaarliks bedank word deur middel van 'n borgefunksie en/of 'n geskenk. Geen geborgde items mag bestel word alvorens die geld nie inbetaal is nie.

13. Sportakademies

Ouers word aangemoedig om, indien moontlik, leerders by 'n sportakademie in te skryf. Die voordele is dat leerders kans kry vir ekstra afrigting om vaardighede te verbeter.

Alle sportakademies en logistieke wat daarmee gepaard gaan word deur die sporthoof bestuur.

Toestemming vir 'n nuwe sportakademie moet skriftelik ingehandig word by die skoolhoof en moet deur die sportkomitee asook Beheerliggaam goedgekeur word.

14. Sporttoere beleid

- GEEN toer sal gedurende skooltyd plaasvind nie. Dit kan wel gebeur dat die laaste dag van 'n kwartaal gemis word a.g.v. vervoer reëlings.
- Rugby, netbal, krieket en hokkie is die sportsoorte wat as 'n skoolspan die opsie het om op toer te gaan.
- Die 1ste rugbyspan, O/13A netbal, 1ste hokkiespan en 1ste krieketspan besit die voorreg om na enige plek, en enige land te toer, mits die reëlings vroegtydig en georganiseerd plaasvind. Die afrigter het die keuse waarheen hy/sy die span wil neem.
- Die toerreëlings moet egter deur die Bestuur, Sportkomitee en Beheerliggaam goedgekeur word.
- Vooraf toestemming moet ook deur die Onderwysdepartement verkry word.
- Alle junior spanne wat graag sal wil toer, moet deur dieselfde prosedure as bg. gaan.
- Alle junior spanne wat wil toer, moet die toer by 'n sportskool of kampterrein hou binne 'n radius van 150km vanaf Potchefstroom.
- Dit word vereis van die O/13A / 1ste span afrigters van die skool om die kinders op 'n toer te neem.
- Die afrigter van die junior spanne het self die keuse.

Prosedure:

1. Doen 'n skriftelike beplanning van die toer, bv. datum, ouderdomsgroep, waarheen, vervoer, akkommodasie, afrigters, koste, ens.
2. Handig die beplanning in by die sporthoof.
3. Na 'n vergadering en bespreking van die beplande toer met die sporthoof, sal die aansoek voorgelê word aan die bestuur van die skool.
4. Sodra goedkeuring deur die bestuur verkry is, sal die aansoek op die volgende sportkomitee vergadering voorgehou word.
5. Indien die sportkomitee die toer/ kliniek goedkeur sal dit aan die BL voorgelê word.
6. Indien die BL toestemming gee, kan die afrigter die bespreking bevestig en 'n deposito, indien nodig, aanvra.

15. Erkenning

15.1 SKOLESPORT

Skolesport is sportsoorte wat toeganklik is vir alle leerders in ons skool. Dit word georganiseer en afgerig deur personeel wat in diens staan van die skool.

Die volgende sportsoorte word erken as sportsoorte wat binne skoolverband beoefen word: Atletiek, Rugby, Netbal, Tennis, Krieket, Hokkie, Landloop, Swem, Gholf en Skaak.

15.2 ERKENNING: BUITESPORT AKTIWITEITE

Buitesport aktiwiteite is sport wat deur sommige van ons skool se leerders privaat beoefen word. Daar is koste verbonde aangesien dit meestal in 'n klub aangebied word. Die afrigter of voorsitter van die betrokke aktiwiteit bly verantwoordelik om al die korrekte inligting aan die skoolhoof te verskaf. Erkenning vind plaas tydens saalopeninge op Maandae oggende. Tydens die jaarlikse prysuitdeling sal prestasies wat nasionaal of internasionaal behaal is genoem word.(1^e,2^{de} en 3^{de} plekke)

Mnr.JH van Vuuren
Adjunkhoof

Mnr. E Verster
BL Sport

Mnr. RGB Jacobs
Skoolhoof

Hersien in Februarie 2018